Agri BONUS Reward yourself

Verdien AgriBonuspunte op alle produkte
deur Laeveld Agrochem aangekoop




## Fokus op Gerrit de Kock

Montagu area

**Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.**

**Vir professionele kennis en advies kontak gerus vir Gerrit de Kock by**
**Sel: 082 228 2321 E-pos: gerrit@laeveld.co.za**

Ek is 37 jaar oud en tans woonagtig in Montagu, Wes-Kaap. Ek is getroud met Carina en het twee pragtige kinders, Jana 5 en Niel 3. Ek het groot geword in die Montagu area op ons familieplaas, Harmonie en was in die Keisie plaasskool. In 1994 het ek gematrikuleer by die Hoër Landbouskool Oakdale, Riversdal.

Na skool het ek gaan studeer by die Universiteit van Stellenbosch, maar het toe aan die einde van 1995 besluit om terug plaas toe te gaan om te boer onder my Pa se ervare boerdery bestuurs vernuf tot 2007, waar na ek ten volle by hom oor geneem het.

Die grootte van die eenheid (net 25ha) en die gevolglike finansiële diepte daarvan, was nie genoegsaam om volhoubaar te wees nie en ons het in 2013 die besluit geneem om ons plaas te verkoop. Ek het daarna verskeie loopbaan-opsies oorweeg en het ‘n tydelike plaas bestuurders posisie by Danie Zeeman te Robertson aanvaar. My kontrak het einde Mei 2013 verstryk.

Ek het hierna weereens alle opsies oorweeg, maar omdat my vrou ‘n baie goeie posisie by die plaaslike hospital en kliniek as die Hoof Apteker beklee het, het ons besluit om plaaslik te bly. Ek het genoeg same kennis opgebou van die plaaslike landbou, al sy vertakkings en die spesifieke stel voordele en probleme wat daarmee gepaard gaan. Omdat ek hier groot geword het, ken ek die area en al die boere in die verskeie streke en ek was baie jare betrokke by die plaaslike Landbou- vereniging. Gevolglik het ek goeie verhoudings met die boere opgebou.

Daarom voel ek dat ek die ideale kandidaat was vir die vestiging van ‘n landbou-spesifieke agentskap en ek aangelê en genoegsame ervaring het vir die verkoop van die produkte. Kwaliteit dienslewering met betroubare en deeglike kennis van alle aspekte van die boerdery praktyke is belangrik en ek het in 2014 by Laeveld Agrochem aangesluit as ‘n agent in die Montagu omgewing.



*Gerrit sê : “Kwaliteit dienslewering met betroubare en deeglike kennis van all aspekte van die boerdery praktyke is belangrik.”*